



LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL

WATERLOO GREEN - WYNBERG 7800

TEL: (021) 762-2234 / 797-0494 - FAKS: (021) 797-1978

E-POS: admin@svdstel.co.za / finansies@svdstel.co.za / personeel@svdstel.co.za / ekasner@svdstel.co.za

Dink nuut!

30 Augustus 2017

Omsendbrief 24/2017

Geagte Ouers

A. Beheerliggaam tussenverkiesing:

Onthou asseblief van die tussenverkiesing vir 4 ouers as lede van die beheerliggaam wat **môreaand, 31 Augustus, om 18:30** in ons saal plaasvind. Daar is alreeds vooraf genomineerde ouers en **die verrigtinge behoort nie langer as 'n halfuur te duur nie**. Ons hoop om u hier te sien.

B. Loslitdag – 1 September:

Dit is 'n gratis Civiedag, maar R10-plakkers word verkoop ten bate van gestremdes en die Paarl-Skool in Brackenfell gaan voordeel trek hieruit.

Die tema is "**Celebrate Diversity with persons with disabilities**". Dra asb. groen of iets groens in die hare. Die groen simboliseer HOOP vir mense met gestremdhede. Wees oorspronklik en kreatief!

Daar is nog ekstra plakkers te koop teen **R10** elk en ons vra dat u ons asseblief ondersteun in die saak.

Gedurende lentedag gaan daar 'n talentkompetisie wees wat die prefekte reël. Hulle is tans besig om oudisies te hou.





C. **Groepfoto's:**

U sou op die kwartaalprogram sien dat die groepfoto's **Donderdag, 7 September** geneem word. Ons wil u vra om asseblief seker te maak dat u kinders die korrekte drag, soos in die gedragskode uiteengesit, sal aantrek.

Dit impliseer die volgende:

- **Koor:** Volledige winterskooldrag. Die dogters moet grys rompies met sykouse dra en die junior koor se dogters se hare moet in 2 ponysterte met dun rekkies bokant hulle ore vasgemaak wees.
- **Klasfoto's:** Volledige winterskooldrag (almal kom daarmee skool toe).
- **Rugby:** Swart broek, truie word voorsien.
- **Netbal:** Swart hemp & skorts/swart broekie.
- **Landloop:** Swart broek, hempies word voorsien.
- **Mini krieket:** Wit wedstrydklere (nie KFC nie).
- **Tennis:** Swart sportdrag.
- **Swem:** (Driehoekbyeenkoms-Timour Hall) Swart sportdrag.
- **Atletiek:** (Vishoekbyeenkoms) Frokkies (Mev. Laing sal uitdeel) en sportbroekie.
- **Toutrek:** Swart broek, swart kortmou t-hemp en toutrekpette.
- **Individuele Foto's:** (Wes-Kaap Gimnastiek) Simonay Jacobs.

Let wel!!! Daar is GEEN ekstra klere in die klerebank om vir die leerders teleen indien hul klere by die huis vergeet nie.

D. **Sportdag:**

'n Oprechte woord van dank en waardering aan elkeen wat 'n rol gespeel het in die sukses van ons sportdag. Hierby sluit ons in al die toeskouers vir die bywoning, die OK en almal wat gehelp het met die verkoop asook vir die talle skenkings en donasies, die personeel vir afrigting en reëlings wat getref is, die kinders vir hul entoesiastiese deelname, al die besoekende skole, Metro Nooddienste, ons borge Remax Premier Eiendomme en Renault Paarden Eiland.

Vriendelike groete

**E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF**